Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2020

REKENINGKUNDE V1
FINANSIËLE VERSLAGDOENING EN EVALUERING
(EKSEMPLAAR)

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, 'n formuleblad en 'n antwoordeboek van 8 bladsye.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. ALLE bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
7. 'n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is by hierdie vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. 'n Uiteensetting van die vrae word voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir elke vraag te hou. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD (MINUTE)
1	Vaste bates	30	25
2	AARP en Inkomstestaat	45	35
3	Balansstaat en Notas	45	35
4	Finansiële aanwysers en Vertolking van Finansiële inligting	30	25
	TOTAAL:	**150**	**120**

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 1: VASTE BATES (30 punte; 25 minute)

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Die historiese-kostebeginsel is slegs op voertuie en toerusting van toepassing.

1.1.2 Grond en geboue wat aangekoop word, sal as vervreemding in die vaste bate-nota aangeteken word.

1.1.3 Waardevermindering verwys na die afname in die waarde van 'n bate.

(3 x 1) (3)

1.2 **SA TIMMERAARS**

Die volgende inligting vir die jaar geëindig op 29 Februarie 2020 het betrekking op SA Timmeraars, 'n vennootskap tussen Surkaan en Anele.

GEVRA:

1.2.1 Verwys na inligting A:

Doen 'n berekening om te bewys dat die verminderde saldo-metode van waardevermindering vir voertuie gebruik word. (4)

1.2.2 Verwys na inligting D:

- Bereken die ontbrekende syfers aangedui met **(i)** tot **(iv)**. (11)
- Dui aan of 'n wins of verlies met die verkoop van die voertuig gemaak is. Doen 'n berekening om jou antwoord te staaf. (6)

1.2.3 Verwys na inligting E:

- Bereken die persentasie toename in die waarde van die eiendom soos op 29 Februarie 2020. (4)
- Verduidelik waarom jy nie sal saamstem met die vennoot nie. Verskaf EEN punt met verwysing na 'n AARP-beginsel. (2)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INLIGTING:

A. Vastebateregister (Motorvoertuie):

Eenhede: 2			
Model: Toyota Hilux 2.4 (2017)			
Datum van aankope: 30 Junie 2017			
Kosprys: R780 000			
Waardevermindering: 10% p.j. op verminderde saldo-metode			
Datum	**Waardevermindering**	**Opgehoopte waarde-vermindering**	**Drawaarde**
28 Feb. 2018	52 000	52 000	?
28 Feb. 2019	72 800	124 800	?

B. Uitbreiding van geboue is op 1 September 2019 gedoen.

C. Een van die voertuie is op 30 November 2019 teen R310 000 verkoop.

D. Vastebate-nota:

	GROND EN GEBOUE	**VOERTUIE**	**TOERUSTING**
Drawaarde aan die begin		**(i)**	**40 000**
Kosprys	**(ii)**	**780 000**	**300 000**
Opgehoopte waardevermindering		**?**	**(260 000)**
Bewegings			
Byvoegings teen kosprys	**750 000**		**250 000**
Vervreemding teen Drawaarde		**?**	
Waardevermindering vir die jaar		**(iii)**	**(60 500)**
Drawaarde aan die einde	**3 000 000**		**(iv)**

E. Die grond en geboue is drie jaar gelede gekoop. Die markwaarde van die eiendom soos op 29 Februarie 2020 word op R3 450 000 geraam.

Een van die vennote (Surkaan) is van mening dat hierdie bedrag in die boeke van die onderneming weerspieël moet word.

30

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: AARP EN INKOMSTESTAAT (45 punte; 35 minute)

2.1 AARP-beginsels word as opsies vir elk van die volgende stellings verskaf. Kies die AARP-beginsel en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.1.1–2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld. 2.1.4 E.

A	Wesenlikheid
B	Paring
C	Lopende saak
D	Besigheidsentiteit

2.1.1 Belangrike inligting moet in finansiële state ingesluit word.

2.1.2 Die finansiële aktiwiteite van 'n onderneming word afsonderlik gehou van dié van die eienaar.

2.1.3 Inkomste en uitgawes word in die huidige finansiële tydperk erken en geboekstaaf.

(3 x 1) (3)

2.2 **TERA PRIVAAT HOSPITAAL**

'n Groep dokters besit die hospitaal. Die inligting hou verband met die finansiële jaar geëindig 30 September 2020.

GEVRA:

Voltooi die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 September 2020. (42)

INLIGTING:

A. Uittreksel van voor-aansuuiweringsproefbalans op 30 September 2020

Vaste deposito: Buffalo Bank @ 8% p.j.	370 000
Lening (Jankee Bank)	625 000
Handelsvoorraad	410 150
Debiteurekontrole	277 500
Voorsiening vir oninbare skulde	12 980
Verkope	1 290 450
Koste van verkope	1 032 350
Debiteure-afslag	18 200
Fooie inkomste	1 584 000
Huur inkomste	121 650
Salarisse en lone	367 500
Verbruiksgoedere	72 790
Advertensies	12 120
Diverse uitgawes	247 760
Werkgewersbydrae	33 210
Rente op lening	11 500

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

B. ADDISIONELE INLIGTING EN AANSUIWERINGS:

(a) Goedere wat op 30 Oktober 2020 verouderd sou wees, is kontant verkoop, R18 900, wat 10% onder kosprys is. Hierdie transaksie is nie aangeteken nie.

(b) Voorsiening vir oninbare skulde sal met R150 verminder.

(c) Voorraadopname op 30 September 2020 het die volgende aan die lig gebring:
- Handelsvoorraad: R389 230
- Verbruiksgoedere: R9 950

(d) Huur is tot November 2020 ontvang. Die maandelikse huur is op 1 Julie 2020 met R950 verhoog.

(e) Advertensies is oorskry met een maand se premie van R3 120.

(f) Een werknemer is uit die salarisjoernaal vir September 2020 weggelaat. Die besonderhede is soos volg:

Werkgewersbydrae			**Aftrekkings**				**Netto salaris**
Pensioen-fonds	WVF	Mediese-fonds	Pensioen-fonds	WVF	LBS	Mediese -fonds	
R610	R90	R390	R670	R120	R880	R430	R8 400

(g) Konsultasiefooie vir 12 pasiënte is nog nie aangeteken nie. Die fooi is R660 per pasiënt.

(h) Waardevermindering vir die jaar beloop R25 000.

(i) Rente op vaste deposito is nog nie geboekstaaf nie.

45

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 3: BALANSSTAAT EN NOTAS (45 punte, 35 minute)

COVID HANDELAARS

Die inligting verskaf is vir die jaar geëindig op 29 Februarie 2020.

GEVRA:

3.1 Voltooi die volgende notas tot die Balansstaat:

- Privaatrekeninge (17)
- Handels en ander betaalbares (6)

3.2 Voltooi die Balansstaat soos op 29 Februarie 2020. (22)

INLIGTING:

A. Die volgende is op 29 Februarie 2020 uit die rekords onttrek:

Kapitaal: Corne	R300 000
Kapitaal: Vidio	400 000
Privaatrekening: Corne (1 Maart 2019)	Kt 12 100
Privaatrekening: Vidio (1 Maart 2019)	Dt 10 200
Onttrekkings: Corne	172 500
Onttrekkings: Vidio	140 300
Vaste bates teen kosprys	1 920 000
Opgehoopte waardevermindering	?
Vaste deposito: FCC Bank	310 000
Handelsvoorraad	?
Debiteurekontrole	202 330
Bank (ongunstige saldo)	14 400
Wisselgeld	6 510
Krediteurekontrole	295 500
Voorsiening vir oninbare skulde	2 450
Lening	?

B. R50 000 van die belegging sal op 30 September 2020 verval.

C. ’n Kredietnota van R2 400 (kosprys R1 500), uitgereik vir goedere teruggestuur, is nie na die debiteurekontrolerekening oorgeboek nie.

D. ’n Debiteur met ’n uitstaande saldo van R11 650 is insolvent verklaar. Die boedel het 80% van die bedrag betaal en dit is aangeteken. Die balans moet nog as oninbare skuld afgeskryf word.

E. Voorsiening vir oninbare skulde moet met R250 as ’n uitgawe aangesuiwer word.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

F. Leningstaat van Fani Bank

Saldo op 1 Maart 2019	R900 000
Terugbetaling ingesluit rente	164 500
Rente gekapitaliseer	90 000

Die vennote het besluit om in die volgende boekjaar R70 500 op die kapitaal te betaal.

G. Netto wins vir die jaar na aansuiwerings en bykomende inligting, R378 300.

H. Die vennootskapsooreenkoms bepaal die volgende:

- Rente op kapitaal:
  Die vennote is geregtig op rente teen 15% per jaar. Vidio het sy kapitaal op 1 Junie 2019 met R100 000 verminder. Dit is aangeteken.

- Vennote se salarisse:
  Vidio verdien R120 000 per jaar en Corne verdien 10% minder as Vidio.

- Bonus aan vennote:
  Vidio is geregtig op ’n bonus gelykstaande aan ’n maand se salaris.

- Winste word in die guns van Vidio verdeel, in die verhouding 3 : 2.

I. Die bedryfskapitaalverhouding aan die einde van die finansiële jaar is 1,5 : 1.

J. Die volgende is balanserende syfers:
- Vaste bates
- Voorrade

45

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 4: FINANSIËLE AANWYSERS EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING **(30 punte; 25 minute)**

4.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers soos op 30 Junie 2020:

4.1.1 Vuurproefverhouding (4)

4.1.2 Skuld-ekwiteitverhouding (3)

4.1.3 Opbrengs wat Kagiso verdien het (6)

4.2 Verskaf syfers, finansiële aanwysers of berekeninge in ELKE geval hieronder om jou kommentaar en verduidelikings te ondersteun.

GEVRA:

4.2.1 Lewer kommentaar op die likiditeit van die onderneming en verduidelik in watter jaar die bedryfskapitaal meer doeltreffend bestuur is. (6)

4.2.2 Die vennote het besluit om die lening gedurende die finansiële jaar te verhoog. Lewer kommentaar op hierdie besluit met verwysing na die graad van finansiële risiko. (4)

4.2.3 Lewer kommentaar op Kagiso se opbrengs op sy belegging in die vennootskap.

- Verskaf EEN rede waarom hy met sy opbrengs gelukkig moet wees. (3)
- Verskaf EEN rede waarom hy bekommerd oor sy opbrengs op sy belegging moet wees en gee 'n verduideliking. (4)

INLIGTING:

A. Verdelingsrekening

2020 Junie 30	Rente op kapitaal: Kagiso	47 250	2020 Junie 30	Wins en verlies	502 200
	Rente op kapitaal: Radaba	31 500			
	Salaris: Kagiso	168 750			
	Salaris: Radaba	205 200			
	Bonus aan Radaba	17 100			
	Privaatrekening: Kagiso	16 200			
	Privaatrekening: Radaba	16 200			

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

B. Saldo's aan die einde van Junie 2020.

	2020	2019
Eienaarsbelang	1 425 800	1 385 900
Kapitaal: Kagiso	750 000	650 000
Kapitaal: Radaba	675 000	700 000
Privaatrekening: Kagiso	Dr 15 500	10 750
Privaatrekening: Radaba	16 300	25 150
Bedryfsbates	294 650	530 250
Handels en ander ontvangbares	159 750	307 350
Kontant en kontantekwivalente	41 150	32 650
Voorrade	93 750	190 250
Niebedryfslaste: Lening	450 000	250 000
Bedryfslaste	190 500	219 000

C. Finansiële Aanwysers soos op 30 Junie 2020.

	2020	2019
Bedryfskapitaalverhouding	1,5 : 1	2,4 : 1
Vuurproefverhouding	?	1,6 : 1
Skuld-ekwiteitverhouding	?	0,2 : 1
Opbrengs verdien deur Kagiso	?	36%
Opbrengs verdien deur Radaba	38%	39%
Opbrengs op vennote se ekwiteit	36%	38%
Rentekoers op alternatiewe beleggings	8%	8%

30

TOTAAL: 150

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

GRAAD 11 REKENINGKUNDE: FORMULEBLAD VIR FINANSIËLE AANWYSERS		
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang van vennoot}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
(Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste		
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Langtermynlenings : Eienaarsbelang	Totale bates : Totale laste	

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore